HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Met so besige week agter die rug is dit met groot dankbaarheid wat ons vir ‘n oomblik besin. In die eerste plek baie sterkte met die Gr. 12 voorbereidende eksamen wat Maandag begin.

Die manne-aand met rugbylegendes soos Oom Tat Botha, Casper Wessels en Joggie Jansen en Pieter Möller as seremoniemeester was ‘n reuse sukses. Hierdie is tog ‘n belangrike fondsinsamelingsprojek. Dankie aan al ons getroue ondersteuners.

Ons musiekdepartement het saam met “Joshua na die reën” ‘n kers-, vers-, en melodie-aand aangebied. Hierdie geleentheid was weereens ‘n spoggeleentheid waarop ons trots kan wees.

Die verf-fees was ook suksesvol. Die leerders het dit ongelooflik geniet. Geluk aan die leerders wat vir die volgende vier Vrydae gewone klere mag aantrek.

Die Vrystaat skietkampioenskappe se finale het by Fichies plaasgevind. Baie geluk aan die volgende medaljewenners:
Hestine Bosch, Hanro Pienaar, Ian Vorster en Tian Blom.

“SCHOOLS THAT ROCK”

“Schools that rock” plaas skole-nuus en prestasies, gaan kyk gerus na die volgende link na aktiwiteite en prestasies van Hoërskool Fichardtpark.

https://freestate.schoolsthatrock.co.za/category/free-state-schools/hoerskool-fichardtpark/

LEERDERRAAD 2020

Baie geluk aan die Gr. 11-leerders wat tot die Fichie-raad verkies is. Die kamp wat 'n groot sukses en het reeds die afgelope naweek plaasgevind.

Ons 2020 leerderraad is:

Meisies	Seuns:
Arpin Ludzi	Annandale Ryno
Botes Moné	Beer Hanno
Brümmer Bianca	Douglas MJ
Drinkwater Leonie	Groenewald Davin
Els Carlien	Herbst Tiaan
Fivaz Abbey	Jansen van Vuuren Sias
Fourie Jené	Kemp Tiaan
Gouws Su-mari	Kruger Cobus
Haddad Brigitte	Maree JP
Kruger Estia	MCIntyre Liam
Mc Mahon Anjonette	Mostert Ivan
Scholtz Dané	Terry Jaco
Scott Lizbé	Van der Vlies Rikus
Steyl Jodi	Van der Walt JT
Van der Merwe Arné	Visser Leander

Die hoofleiers word aangewys met die Leerderraadinwyding op 1 Oktober.

LIEF EN LEED

Ons as skool bid vir Mev. Lizette Kruger wat 'n operasie ondergaan het, maar wat sukkel met komplikasies. Ons weet dat ons Hemelse Vader die Groot Geneser is.

SKEINAT KONVENSIES

Klompie van ons leerders het saam met Mnr Prinsloo die Skeinat konvensie by NWU Potchestroom bygewoon.
Markus Maree (2de plek in die Vrystaat) en Ruan Jacobs (7de plek in die Vrystaat) het goed presteer.

WOW
(Woorde open wêrelde)

Donderdag:	22 Augustus 2019 (Vrystaat kring)
Plek:	Hoërskool Sentraal
Vertrek:	13:00
Beamptes:	Me. C. Terblanche en E. Coetzee
Graad 8:	Suné Booysen
	Johan Volschenk
Graad 9:	Nikia Pottas

UIT DIE FINANSIËLE KANTOOR

Elektroniese betalings (EFT)

U word versoek om asseblief die korrekte verwysing op die bank te gebruik vir betalings. Gebruik te alle tye u kind se rekeningnommer met ‘n kort beskrywing waarvoor u die betaling doen. Bv: 1234 foto’s / verffees / gr 10 toer / gr 8 toer.

Fotobestelling

Elektroniese betaling (EFT) vir foto’s is ontvang op die bankstaat. Neem asseblief kennis dat die bestelvorm by die Finansiële kantoor ingehandig moet word **met die bewys van betaling**. Maak seker dat die fotonommer van alle fotobestellings op die vorm aangedui word.

Groepfoto’s (Sport, Kultuur en ander) se nommers is nog nie beskikbaar nie. Hierdie foto’s gaan op die personeelkamer se venster geplak word vir leerders om die groepfoto se nommer te kry.

Indien die bestelvorm nie ontvang word nie sal u kind se foto’s nie bestel word nie.

U samewerking word waardeer.

Epos: finans@fpark.co.za

AKTIWITEITE

Sterkte met die volgende aktiwiteite van die week:

20 Augustus:	Gr. 12 Eksamen begin
22 Augustus:	WOW Spelfees
23-24 Augustus:	Voortrekkers Kenteken Naweek
23-24 Augustus:	Sewes rugby by Grey Kollege

FICHIE-GROETE